

**BEVOEGHEID OM 'N BOERDERY TE KAN BESTUUR  
DEUR  
DR PHILIP THEUNISSEN**

**BEWYS VAN UITGAWES**

'n Belastingpligtige word ten opsigte van inkomstebelasting op sy inkomste belas. Nadat inkomste bereken is, kan die boer sekere toelaatbare uitgawes van sy inkomste aftrek ten einde by 'n belasbare bedrag of vasgestelde verlies uit te kom. Artikels 11 tot 21 spesifiseer hierdie uitgawes aan die hand van 'n algemene aftrekkingsformule.

Die belastingwet stel dit duidelik dat daar 'n bedryf beoefen moes gewees het. 'n Persoon wat slegs rente of pensioen ontvang het nie 'n bedryf beoefen nie en kan dus geen aftrekkings maak nie. Dit beteken dat sulke uitgawes ook bydraend tot die bedryf moes gewees het vir die bepaalde tydperk waarin dit van inkomste afgetrek word. Daar is 'n verdere voorwaarde ook naamlik dat daar bewys van die uitgawes gelewer moet kan word.

**Bewysstukke**

In 'n vorige artikel is daar reeds geskryf oor die spesifieke uitgawes wat van inkomste afgetrek kan word. Wat wel nou ter sake is, is dat daar behoorlike bewysstukke moet wees wat die uitgawes kan staaf. SARS het al by verskeie geleenthede regmatig aftrekbare uitgawes nie toegelaat nie omdat die boer nie die bewysstukke daarvoor kon verskaf nie. Die bewys van 'n uitgawe is die boer se verantwoordelikheid, nie SARS of sy boekhouer s'n nie. SARS sal dus nie 'n besluit om sekere uitgawes terug te tel herroep tensy die bewys daarvoor deur die boer verskaf kan word nie.

Die ongeërgheid om bewysstukke te bewaar kan 'n boer dus geld kos. Dit kan selfs verder gaan deurdat die afwesigheid van 'n enkele bewysstuk daartoe kan lei dat SARS die ander uitgawes ook betwyfel en 'n grootskaalse audit op die bewysstukke kom doen. Die bewaring van bewysstukke is dus 'n voorvereiste vir die bevoegdheid om 'n besigheid te kan bedryf.

**Kontrole**

Die volgende is 'n kontrolelys waarmee die boer seker kan maak dat SARS al die regmatige uitgawes sal toestaan:

- Uitgawes kan slegs afgetrek word indien die boer in besit van 'n geldige bewys van die uitgawe is. Verlore fakture of strokies kan dus daartoe lei dat die boer meer belasting moet betaal as wat nodig is;
- Hou rekord van alle uitgawes, selfs die wat nie aftrekbaar is nie. Dit kan alleen gedoen word as die fakture en strokies vir die uitgawes behoorlik geliaseer word. As al die bewysstukke beskikbaar is, kan die boekhouer maklik vasstel watter uitgawes regmatig afgetrek kan word en watter nie;
- Hou ook bewysstukke van inkomste behoorlik by. Sekere ontvangstes, soos die uitbetaling van lenings, is nie belasbaar nie. Indien daar nie 'n bewysstuk vir die uitbetaling is nie, kan 'n kapitaaluitbetaling maklik as 'n belasbare inkomste beskou word. Indien daar nie 'n bewysstuk is

dat dit wel 'n uitbetaling van 'n lening is nie, gaan SARS dit beslis as 'n belasbare inkomste beskou;

- Sekere uitgawes word nie deur 'n bewysstuk gerugsteun nie. Lone en salarisse word vanaf loon- en salarisstrokies vasgestel. Die loon- en salarisregisters moet dus op datum wees en behoorlik voltooi wees sodat loon- en salarisuitgawes ten volle as belastinguitgawe toegelaat kan word;
- SARS sal sekere bedrae in die belastingopgawe verduidelik wil hê alvorens dit as aftrekking toegelaat sal word. Buiten die dokumentêre bewys moet daar ook verduidelikende aantekeninge oor sekere uitgawes verskaf word;
- Bou 'n goeie verhouding met SARS op. As die boer sy uitgawes telkens kan bewys, sal sy geloofwaardigheid bo verdenking wees en sal SARS hom al minder in die toekoms pla. Wanneer die liassing in chaos is, kan hy verwag dat SARS al dieper sal delf om agter die waarheid te kom;
- Dit is in elk geval goeie besigheidspraktyk om akkurate rekords by te hou en om bewysstukke behoorlik te liaseer. Dit vergemaklik net die neem van besigheidsbesluite ook.

## **Rekordhoudingstelsel**

SARS is nie voorskriftelik oor die spesifieke rekordhoudingstelsel wat 'n besigheid moet gebruik nie. Die boer kan dus sy eie stelsel ontwikkel wat by die doel en aard van sy besigheid pas, solank dit sy inkomste en uitgawes kan bepaal. Sekere inligting soos grootboeke, kasboek, joernale, tjekboeke, depositoboeke, bankstate, fakture en voorraadlyste moet egter beskikbaar wees indien SARS 'n oudit wil doen.

Die Inkomstebelastingwet en die BTW-wet bepaal ook dat rekords vir 'n sekere minimum periode bewaar moet word sodat navrae wat dalk binne 'n sekere tydperk mag opduik, beantwoord kan word. Afhangende van die tipe bewysstuk is die periode enigiets tussen vier en ses jaar.

Dit is 'n kriminele oortreding om rekords binne hierdie voorgeskrewe periode te vernietig. Dit is in elk geval nie raadsaam om rekords sommer summier te vernietig nie. Dit neem soms jare om dispute met SARS af te handel. Die normale periode waarvolgens rekords gehou moet word kan dus maklik al verstryk het teen die tyd dat die dispuut afgehandel moet word en daarom moet rekords liever langer as die voorgeskrewe periode gehou word.

Selfs al is 'n inkomstebelasting- of BTW-periode deur SARS afgehandel, is dit steeds raadsaam om nie die rekords te vernietig nie. SARS het die gewoonte om na vorige afgehandelde periodes se bewysstukke ook te vra wanneer hy 'n huidige periode se bewysstukke ondersoek. Die behoorlike liassing en opberging van finansiële bewysstukke is dus so goed soos 'n "Get out of jail free" kaartjie.

---

**BETHLEHEM**  
**Augustus 2006**

**BEVOEGHEID OM 'N BOERDERY TE KAN BESTUUR  
DEUR  
DR PHILIP THEUNISSEN**

**BEWYS VAN UITGAWES**

'n Belastingpligtige word ten opsigte van inkomstebelasting op sy inkomste belas. Nadat inkomste bereken is, kan die boer sekere toelaatbare uitgawes van sy inkomste aftrek ten einde by 'n belasbare bedrag of vasgestelde verlies uit te kom. Artikels 11 tot 21 spesifiseer hierdie uitgawes aan die hand van 'n algemene aftrekkingsformule.

Die belastingwet stel dit duidelik dat daar 'n bedryf beoefen moes gewees het. 'n Persoon wat slegs rente of pensioen ontvang het nie 'n bedryf beoefen nie en kan dus geen aftrekkings maak nie. Dit beteken dat sulke uitgawes ook bydraend tot die bedryf moes gewees het vir die bepaalde tydperk waarin dit van inkomste afgetrek word. Daar is 'n verdere voorwaarde ook naamlik dat daar bewys van die uitgawes gelewer moet kan word.

**Bewysstukke**

In 'n vorige artikel is daar reeds geskryf oor die spesifieke uitgawes wat van inkomste afgetrek kan word. Wat wel nou ter sake is, is dat daar behoorlike bewysstukke moet wees wat die uitgawes kan staaf. SARS het al by verskeie geleenthede regmatig aftrekbare uitgawes nie toegelaat nie omdat die boer nie die bewysstukke daarvoor kon verskaf nie. Die bewys van 'n uitgawe is die boer se verantwoordelikheid, nie SARS of sy boekhouer s'n nie. SARS sal dus nie 'n besluit om sekere uitgawes terug te tel herroep tensy die bewys daarvoor deur die boer verskaf kan word nie.

Die ongeërgheid om bewysstukke te bewaar kan 'n boer dus geld kos. Dit kan selfs verder gaan deurdat die afwesigheid van 'n enkele bewysstuk daartoe kan lei dat SARS die ander uitgawes ook betwyfel en 'n grootskaalse audit op die bewysstukke kom doen. Die bewaring van bewysstukke is dus 'n voorvereiste vir die bevoegdheid om 'n besigheid te kan bedryf.

**Kontrole**

Die volgende is 'n kontrolelys waarmee die boer seker kan maak dat SARS al die regmatige uitgawes sal toestaan:

- Uitgawes kan slegs afgetrek word indien die boer in besit van 'n geldige bewys van die uitgawe is. Verlore fakture of strokies kan dus daartoe lei dat die boer meer belasting moet betaal as wat nodig is;
- Hou rekord van alle uitgawes, selfs die wat nie aftrekbaar is nie. Dit kan alleen gedoen word as die fakture en strokies vir die uitgawes behoorlik geliaseer word. As al die bewysstukke beskikbaar is, kan die boekhouer maklik vasstel watter uitgawes regmatig afgetrek kan word en watter nie;
- Hou ook bewysstukke van inkomste behoorlik by. Sekere ontvangstes, soos die uitbetaling van lenings, is nie belasbaar nie. Indien daar nie 'n bewysstuk vir die uitbetaling is nie, kan 'n kapitaaluitbetaling maklik as 'n belasbare inkomste beskou word. Indien daar nie 'n bewysstuk is

dat dit wel 'n uitbetaling van 'n lening is nie, gaan SARS dit beslis as 'n belasbare inkomste beskou;

- Sekere uitgawes word nie deur 'n bewysstuk gerugsteun nie. Lone en salarisse word vanaf loon- en salarisstrokies vasgestel. Die loon- en salarisregisters moet dus op datum wees en behoorlik voltooi wees sodat loon- en salarisuitgawes ten volle as belastinguitgawe toegelaat kan word;
- SARS sal sekere bedrae in die belastingopgawe verduidelik wil hê alvorens dit as aftrekking toegelaat sal word. Buiten die dokumentêre bewys moet daar ook verduidelikende aantekeninge oor sekere uitgawes verskaf word;
- Bou 'n goeie verhouding met SARS op. As die boer sy uitgawes telkens kan bewys, sal sy geloofwaardigheid bo verdenking wees en sal SARS hom al minder in die toekoms pla. Wanneer die liassing in chaos is, kan hy verwag dat SARS al dieper sal delf om agter die waarheid te kom;
- Dit is in elk geval goeie besigheidspraktyk om akkurate rekords by te hou en om bewysstukke behoorlik te liaseer. Dit vergemaklik net die neem van besigheidsbesluite ook.

## **Rekordhoudingstelsel**

SARS is nie voorskriftelik oor die spesifieke rekordhoudingstelsel wat 'n besigheid moet gebruik nie. Die boer kan dus sy eie stelsel ontwikkel wat by die doel en aard van sy besigheid pas, solank dit sy inkomste en uitgawes kan bepaal. Sekere inligting soos grootboeke, kasboek, joernale, tjekboeke, depositoboeke, bankstate, fakture en voorraadlyste moet egter beskikbaar wees indien SARS 'n oudit wil doen.

Die Inkomstebelastingwet en die BTW-wet bepaal ook dat rekords vir 'n sekere minimum periode bewaar moet word sodat navrae wat dalk binne 'n sekere tydperk mag opduik, beantwoord kan word. Afhangende van die tipe bewysstuk is die periode enigiets tussen vier en ses jaar.

Dit is 'n kriminele oortreding om rekords binne hierdie voorgeskrewe periode te vernietig. Dit is in elk geval nie raadsaam om rekords sommer summier te vernietig nie. Dit neem soms jare om dispute met SARS af te handel. Die normale periode waarvolgens rekords gehou moet word kan dus maklik al verstryk het teen die tyd dat die dispuut afgehandel moet word en daarom moet rekords liever langer as die voorgeskrewe periode gehou word.

Selfs al is 'n inkomstebelasting- of BTW-periode deur SARS afgehandel, is dit steeds raadsaam om nie die rekords te vernietig nie. SARS het die gewoonte om na vorige afgehandelde periodes se bewysstukke ook te vra wanneer hy 'n huidige periode se bewysstukke ondersoek. Die behoorlike liassing en opberging van finansiële bewysstukke is dus so goed soos 'n "Get out of jail free" kaartjie.

---

**BETHLEHEM**  
**Augustus 2006**